Kry Atlantic Fertilisers se plan vir beter sagtevrugte.

Atlantic Fertilisers se benadering tot die bemesting van sagtevrugte is een van meer inkremente van kleiner hoeveelhede teen doeltreffende konsentrasies.

Dit word gedoen met intervalle van twee tot vier weke tussen toedienings vanaf volblom of groenpunt, afhangende van die gewas, hetsy kern- of steenvrugte, tot en met vier weke voor oes. Hierdie praktyk verseker dat daar genoeg voedingstowwe beskikbaar sal wees en die plant tydig die voedingstowwe kan opneem.

Atlantic Fertilisers se produkreeks bestaan uit grondkondisioneerders, biostimulante, chemiese wateroplosbare produkte, asook blaarspuitprodukte.

Jy kan dus staat maak op ’n volledige gebalanseerde voedingsprogram wat grondgesondheid en gewasvoeding bevorder.

Die verdere gebruik van Ocean Nutrition (vishidrolisaatproduk) wat wortelontwikkeling stimuleer, voed die mikro-organismes en bevorder die vrystelling van nutriënte uit die grond, veral stikstof uit organiese materiaal.

’n Tipiese bemestingsbenadering sal bestaan uit ’n kombinasie van organiese of verrykte organiese produkte wat dien as grondkondisioneerders en bydra tot algemene grondvrugbaarheid. Spesialis-gewasvoeding sal verder geskied deur die toediening van wateroplosbare voedingsmengsels.

Voorts sal enige verdere voedingsbehoeftes, veral rondom mikro-elemente en plantenergie, deur die blaarspuitprodukte aangespreek word.

EG Stofberg van die plaas Dwarsberg in die Rawsonville-omgewing, boer al vir die afgelope vyf jaar baie suksesvol met hierdie produkte. Dit word op aanbeveling van sy onafhanklike konsultant in sy voedingsprogramme ingesluit. Die gewasse sluit in appels, pere, wyndruiwe en sitrus.

Vir meer inligting en suksesverhale, besoek gerus ons webtuiste vir meer besonderhede. www.atlanticfertilisers.co.za/commercial/